

Saterdag 3 April

Skrifgedeelte: Galasiërs 2:1-10

Fokusgedeelte: Galasiërs 2:9

Dankie vir hierdie handdruk

Wat 'n verligting moes dit nie vir die apostel Paulus gewees het nie! Die kerkleiers in Jerusalem – Jakobus, Petrus en Johannes – het die hand na Paulus en Barnabas uitgereik. Dit was nie net 'n hand van vriendskap nie, maar ook 'n hand van aanvaarding dat die evangelie wat hulle verkondig het, die ware evangelie was.

Die waarheid van die verlossingsboodskap was op die spel. Saam met Paulus was ook Titus, 'n onbesnede gelowige van Griekse afkoms. Sou die broeders in Jerusalem op sy besnydenis aandring, daarop aandring dat Titus nie 'n Christen kon wees tensy hy ook 'n Jood word nie, dan was al Paulus se werk onder die heidene in die gedrang.

Hierdie handdruk van aanvaarding kom ten spyte daarvan dat daar wel mense in die geloofsgemeenskap was wat verwag het dat Titus homself moes laat besny. Paulus sien hulle as skyngelowiges wat die kerk skelm ingesluit het, mense wat 'n uiterlike ritueel as voorwaarde tot die verlossing in Christus daar wou stel.

Daardie handdruk beteken vir ons net so baie vandag as wat dit destyds vir Paulus en sy medewerkers beteken het. Dit het inderdaad die deur vir God se verlossingsboodskap na Europa en die res van die wêreld oopgemaak. Deur daardie handdruk het die vrymoedigheid gekom om ook die evangelieboodskap van genade in Christus alleen aan ons voorgeslagte uit te dra.

Daarom koester ons vandag nog hierdie vryheid wat Christus vir ons verwerf het. Daarom waak ons vandag nog dat diensbaarheid aan enige uiterlike seremonies en wette bepalend word vir die genade wat ons in die Here Jesus het.

Sing: Psalm 33-1:1, 2

Ds. G Opperman (Gustav) (Emeritus)